

NUUSBRIEF VAN DIE OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE

HABARI 2019

NEWSLETTER OF THE FRIENDS OF EAST AFRICA

October 15, 1908.

THE OFFICIAL GAZETTE

589

BRANDS ALLOTTED AND REGISTERED.

It is hereby notified for general information that the following Brands have been duly allotted and registered under the Branding of Stock Ordinance. (Ordinance No. 12/1907) during the quarter ending September 30th 1908.

No.	Name	Address.	District.	Brand.
98	W. Hall	Karura Falls, Limuru	Kiambu	E9H
99	M. W. London	Londondale, Nakuru	Naivasha	VIL
100	H. Fein	Nairobi	Kiambu	E1F
101	Swift and Rutherford	Punda Milia	Fort Hall	JIH
102	G. D. Fotheringham	Ravine	Ravine	GIF
103	H. D. Cooper	Kirawa, Nairobi	Kiambu	E2K
105	P. Robert McDonald	Nakuru P. O.	Ravine	GIM
106	A. Waddell	Bradinhill, Kikuyu	Kiambu	E2W
107	Administration	Kisii	Kisumu	DOE
108	H. Penton and Bunbury	Donya Sabuk	Machakos	BHP
109	Richard Wheeler	Nakuru Post Office	Ravine	GIR
110	Z. Enslin	" "	"	GIZ
111	P. T. C. Depleses	Rhino Rd. Kedong Escarp-	Naivasha	GIP
113	G. H. Barker	ment Post Office Nakuru	Ravine	V7B
114	P. S. A. Steenkamp	" " "	"	GP2
115	J. P. A. Smith	" " "	"	GIS
116	E. Steyn	" " "	"	G2S
117	J. E. Smith	" " "	"	GJ2
118	Van Rensburg	Baringo	Baringo	G2R
119	J. Leveson-Gower	Post Office Naivasha	Naivasha	HIG
121	N. J. M. Barry	Baringo	Baringo	V6B
122	Administration	Nairobi	Kiambu	DOE
123	Agricultural Dept. Govt. Farm	Meroroni Falls, Nakuru	Naivasha	DOA
124	A. D. Rump			VAR

Nairobi,
October 10th 1908.

N. MacGREGOR
Registrar of Brands

CONTENTS / INHOUD

- 2 COMMITTEE AND INFO
- 3 TANT SOPHIE STEYN VERTEL
- 16 IN MEMORIAM
- 16 EXCERPTS FROM ALTA NAUDÉ'S TRAVELOGUE
- 24 OOS-AFRIKA BREDIE
- 25 FOTO'S 2018 SAAMTREK / PHOTOS 2018 GATHERING

East Africa Friends Committee

Oos-Afrika Vriendekomitee

Danie Steyn (Chairman/
Voorsitter) 012 664 5349
Posbus 17074, Lyttelton, 0140.

Mobile: 083 2716 378

danie@agriskills.net
danie@mweb.co.za

Eddie de Waal (Editor/Redakteur,
HABARI) 628 Keerom Street,
DASPOORT 0082

Cell: 0766049177

e-mail: eldugar@gmail.com

Krige van Heerden 083 557 8935

Pieter Pieterse 083 519 4820

Elsie Cloete 076 390 4656

Janssen Davies 076 521 9949

Jan Boshoff 073 190 9490

Rina Helberg 0 72 930 2896

Kenya Get-together

Saturday 5 October 2019

at the recreation area

of the Voortrekker Monument

See you there!

Kenia Saamtrek

Saterdag 5 Oktober 2019

Voortrekkermonument se ontspanningsterrein /

Ons sien mekaar daar!

Please send us your e-mail address! As you know, postage has become unaffordable and the postal service unreliable. Most people have emails or, if not, have families who have e-mails. If you prefer the Habari in hard copy, it is easy enough to download the file from an email to print it.

Donations are always welcome and helpful. U kan in die volgende rekening deponeer: Oos-Afrika Vriendekomitee / Friends of East Africa Committee Acc no/Rek no 080602405 Absa Hercules. Die takkode vir alle Absa takke is dieselfde 632 005 is the code for all Absa branches.

**EDITOR'S LETTER /
REDAKTEURSBRIEF**

Baie dankie aan almal wat artikels en foto's gestuur het. Stuur gerus nog meer, ons plaas graag soveel as wat ons kan.

Ons kom weer by die Voortrekkermonument byeen. Toegang R50 per persoon. Eerste afdraai regs ná die hek, verby die Monument links, net daarna is die saal op linkerhand te sien.

Thanks to everyone who sent articles and photographs. Please keep sending. We gladly use all everything we get. Entrance fee R50 per person.

We meet again at the Voortrekker Monument. After the gate, turn right, past the Monument on the left, and you'll find the open hall just after that, also on the left.



KOMITEELEDE / COMMITTEE MEMBERS

SAAMTREK 2018. FOTO: KRIGE VAN HEERDEN



Tant Sophie Steyn vertel

English introduction by Dan Steyn

Tant Sophie Steyn (née Erasmus) was born in Standerton, Transvaal on the 27th of April 1897 and lived in Kenya from 1916 till 1945, when the family moved back to South Africa. She wrote down these memories by hand between 13 March 1974 and 7 June 1975 and posted them to my cousin Danie, who was responsible for collating the contributions to Habari. Danie typed them over and sent me the text.

I have tried to keep the text as close as possible to how it was originally written as I did not want to tamper with the style of the Afrikaans she used. However, I moved large chunks of the text around to present it in chronological order, and adjusted sentences which made no sense at all. I also added a few explanations in italics for the benefit of those who have little or no background knowledge of the life on the Plateau.

I knew Tant Sophie well. My father was related to her second husband, Piet Steyn. Unfortunately, by the time I got interested in the family history (something that seems to come late in life for most of us) there was nobody left who could tell me how they were related. There are other reasons for me to remember her: She played a key role in the events that led me to spend my final two years of high school in Witbank – at the time she was a matron at

the Technical High School in Middelburg (Transvaal), and a few years later her daughter, Jannie, made my wife's wedding dress.

Erasmus was quite a common name in the Uashin Gishu, but I have no idea how all the Erasmuses were related to each other, or who married whom. As in some of the other families (e.g. the Enslins) there was also more than one Abel Erasmus – thus they were given nicknames. To make it even more interesting, in later years an Erasmus married the daughter of a Steyn.

The one Erasmus mentioned below whom I remember well was Oom Frikkie Erasmus. His farm was about a mile down the road from ours. I think he must have left Kenya in the very early 1950s when the farm was bought by Oom Johannes Steenkamp, brother of the well-known Oom Naas Steenkamp – one of the tallest men on the Plateau. The farmhouse was across the road from Plateau railway station.

The Steyns, of which there were at least three totally unrelated clans, were also well-known in the Uasin Gishu. Some of them were quite ambitious and seem to have relished in "firsts", thus: J B Steyn was one of the first farmers in the Trans-Nzoia (and the first with large planted trees on his farm); Oom Elbert Steyn was the first farmer on the Uasin Gishu to use super phosphate; and Ebbie Steyn was the first white male to have been born in Trans-Nzoia. In addition to this there was also a Nellie (Cornelia) Steyn who married Donald Garvie and gave birth to a

baby in 1905 in Kapsabet (in Nandi) – probably the first settler child to have been born in Western Kenya.

Oom Piet Steyn, Tant Sophie's husband, wasn't related to any of the above. As far as I can remember (from being an only child and having to listen to endless discussions about the family) Oom Piet was a member of a Steyn family who must have moved to the Uasin Gishu in the very early years of the 20th century. Other members of this family were Tant Manie who married Oom Jan le Roux, our neighbours, and Oom "Hanslam" Steyn (father of Hermaans Steyn). There was also another sister (or cousin) who was married to Oom Jan Murphy. I suspect there were some more brothers (or cousins), but here the memory trail grows too faint to follow.

I collected the photo material below from a variety of sources – where possible the date the photo was taken is provided after the caption.

Dan Steyn 2019/07/03

Die trek na Brits-Oos Afrika
Dit was 1916, die Boere het nog swaar geleef na die Boere-oorlog en my vader het gedink dat daar in BOA (Brits Oos Afrika) goeie kanse is om weer op die been te kom. Ons het in Mei 1916 na Oos-Afrika gegaan. Die gesin het bestaan uit my vader, Carl Erasmus, my grootmoeder Sophie Jacomina Erasmus, my broers Abel en Carl Erasmus, my suster Elizabeth Erasmus en ek, die skrywer hiervan, Sophie Jacomina Erasmus.

Ons is per boot van Delagoabaai af en was negentien dae op see. Dit was toe nog oorlog en baie gevaarlik. Duitse duikbote was volop. In die aande moes ons met 'n donker boot reis, daarom is al die ligte donker gemaak sodat die vyand ons nie sou gewaar nie. Daar was 'n groot Duitse oorlogskip, die Konigsberg, waarvoor ons gevrees het, maar ons het dit gelukkig nooit gewaar nie. Een nag het ons 'n kwaai storm gehad en die volgendeoggend was daar baie seesiek mense. Ek het gelukkig niks oorgekom nie en toe ek vroeg bo-op die dek kom, gee die hoofkelner my 'n heerlike ryp appel en sê ek is eerste op dek want die meeste mense isiek.

Die volgende dag was ons in Mombasa. My oom Frikkie Erasmus wat toe al van 1908 op die Plateau geboer het, sou ons op Londiani Stasie ontmoet. Toe ons op Nairobi kom was die treinspoor weggespoel tussen Nairobi en Nakuru en ons moes 'n week op Nairobi wag voor die spoor weer gangbaar was. Uiteindelik is ons weer oppad Londiani toe, en die tweede dag, 3-uur die ooggend, kom ons op Londiani aan. My pa het sy broer se ossewa se staanplek opgespoor en uitgeroep "Frikkie slaap jy nog?" Oom Frikkie het groot geskrik toe hy my pa se stem hoor, deur die slaap opgespring, uit die tentwaal-

en my pa om die nek beetgekry. Die vreugde was groot van die twee broers om na soveel jare weer te ontmoet. My ouma was ook vol vreugde om oom Frikkie weer te sien, maar ook hartseer, want sy het my oupa in die Unie aan die dood agetergelaat. Hulle het vroeër al in BOA gewoon, maar vir my oupa se siekte na die Unie toe teruggekeer.

Toe die groetery en opgewondenheid verby was en ons 'n lekker koppie Kenia-koffie en beskuit genuttig het, het Oom Frikkie die osse laat inspan, maar dié het gesukkel want die pad was nat en vol modder.

Daar was twee waens, die een vir ons en die ander vir transport wat vir Eldoret bedoel is. Elke boer wat Londiani toe gekom het, het 'n vrag transport gebring en weer een teruggeneem, want transport het goed betaal.

Ons het stadig gevorder want van die modder het die osse gou moeg geword. Agt myl uit Londiani uit moes ons uitspan om die osse 'n blaaskans te gee. Na ons weer koffie gedrink en geëet het, is ons weer oppad, maar teen 'n slakkepas. Die modder het al dikker geword en die diere het ingesak. My ouma was heeltyd bang dat die wa sou omval. Dit het agt dae geneem om die vier-en-sestig myl te ry. Toe ons deur die digte bosse is, het ons by die

Verbrandebos uitgekom, 'n hele groot sederbos wat afgebrand was, mens sien net swart stompe. Jare later, toe die boere daar ingetrek het, het die bos 'n vrugbare streek geword waar koring en mielies geplant is.



Die bos tussen Londiani en Eldoret (circa 1909)

Einde te laaste het ons op my oom se plaas uitgekom en dit was weer 'n blydskap. Ouma se kinders was almal daar om ons welkom te heet.

Vestiging

Ons eerste vestiging was in die Trans-Nzoia, daar het my vader 'n klein plasie gekoop en ons gou 'n hartbeeshuis van pale en latte en klei gebou het. Omdat my moeder toe al oorlede was, moes ek vir vader en die jongere kinders sorg. Dit was maar 'n eensame lewe. Omdat die mense ver van mekaar ge-

woon het, het ons selde ander mense gesien, behalwe my oom en tante Abel Erasmus, wat naby op 'n kofifieplaas gewoon het. Ons naaste pos was veertig myl ver en ons posbode het een keer per maand te voet pos gaan haal. Dit het hom dae geneem voor hy teruggekom het want leeus en luiperds was volop.

Ons het nie ander vleis as wildsvleis gehad nie, want daar ons moes nog skape en beeste aanskaf. Groente was ook volop want die reënval was goed en dit was boswêreld naby aan die voet van die berg Elgon. Soms in die reëntyd was die top van die berg wit van die kapok.

Die naaste skooltjie was dertig myl van ons af. Mej Keese was die onderwyseres en ons het vir Abel, Carl en Bettie daar in die skool gesit.

Die huis – gebou van hout en klei met 'n grasdak – was ook klaar. Soos gewoonlik was die kombuis los van die woonhuis, so tien of twaalf treë suid van die huis. Die rede was dat die wind geweldig sterk van die ooste af gewaai het en as die kombuis aan die brand sou raak, sou dit vlamme nie so maklik na die woonhuis versprei nie. Dit is wonderlik dat in daardie jare daar min huise afgebrand het. Die plaaslike bevolking was ook baie bang vir brandstigting want hulle het geglo dat hulle strooise sou afbrand as hulle ander mense se huise aan die brand sou steek. Daarby was ons soms weke van die plaas af en dan het die ou werker alles mooi opgepas. Daardie jare het dit moeilik geaan met die tale. Ons kon net Afrikaans praat en die plaaslike bevolking net Swahili. Met 'n gesukkel het ek 'n paar Swahili woorde geleer en kon ek 'n bietjie regkom sonder dat my tannie

Annie Erasmus moes kom help. Een oggend stuur ek die kombuiswerker om 'n mes te gaan haal: 'Lette mimi messe.' ('Lette mimi' is 'bring vir my' in Swahili). Toe ek weer sien, sukkel hy hom dood om die eettafel uit die huis te kry. ('Mesa' beteken tafel in Swahili.) Eens moes hy vleis gaan uit die kas gaan haal. Ek sê vir hom: 'Lette mimi mite,' maar toe bring hy 'stuk vuurmaakhout, want 'mti' is hout in Swahili en vleis is 'njama'. So het die Afrikaners gesukkel tot dat hulle vlot Swahili kon praat. Die plaaslike mense het maar stadig geleer om Afrikaans of Engels te praat en daarom was Swahili naderhand 'n taal wat ook in die skole geleer moes word. Of mens Swahili gepraat het of Engels was om't ewe, maar Afrikaans het hulle nie erken nie en die kinders moes hulle taal by die huis leer. Wonderlik hoe goed die Keniakinders Afrikaans kon praat en hoe min van hulle verengels het.

In 1917 was ons al 'n jaar op die plaas in ons hartbeeshuisie, en toe begin dit vir die valreë dwarsdeur die jaar, sonder ophou.

My pa moes mielielande skoonmaak. Digte bos moes eers wortel en tak uitgehaal word. Daarna het die ploeëry begin. Die grond is geil, die mielies groei pragtig en ons sal seker die eerste oes kan maak – net te veel reën. Tog gaan dit nie te sleg nie. Al kos wat die werksvolk kry, is twee

Met 'n ossewa oor die Nzoia Rivier (circa 1911)



pond posho (mieliemeel) per dag. Hulle sorg self vir melk. Ons betaal hulle twee rupees per maand, omtrent vier sjellings, want alles was destyds baie goedkoop.

Om grond in die hande te kry, was ook maklik. As 'n man 'n paar span osse, 'n ploeg en 'n eg het, kon hy vir 'n Engelse boer paar honderd akker gaan braak dan gee die boer hom 'n stuk grond. So het baie boere op die been gekom en was vooruitsigte baie goed.

Aan die einde van 1917 was ons plan om die Dingaansfees te gaan bywoon op Broederstroom (ook bekend as die Plateau) waar heelparty Afrikanerboere woon. Dit is omtrent sewentig myl van ons huis af. Die Boere trek nog gedurig in Oos-Afrika in en op Broederstroom is nou al 'n skooltjie wat ook vir kerkgeleenthede dien.

Op die oomblik is daar nie 'n predikant nie, net 'n sendeling, eerwaarde Lourens. Oom Bokkie von Maltitz, 'n onderwyser, moet alles reghou. Hy is ouderling van die NG Kerk, koster by begrafnisse en predikant as dit nie anders kan nie. Elke Sondag is hy by die skooltjie om diens te hou. Ons dominee Loubser, wat die NG gemeente in Oos-Afrika gestig het, is vir 'n jaar terug SA toe en sal probeer om vir ons 'n predikant te stuur as een gewillig is om te kom.

Ons is per ossewa saam met oom Abel en tant Annie fees toe. Ek het uitgesien om weer tussen jongmense te kom. Die tog na Broederstroom die sou drie dae duur. Daardie jare was wild volop. Ons het troppe hartbeeste, sebras en kameelperde op ons pad gesien. Daar was leeuus wat die osse laat skrik het. Dan moes ons net klou, want die osse sou met wa en al die veld in hardloop en dan moes die drywer drywer paai om hulle weer in die pad te kry. Tog was die reis voospoeidig en na drie dae was ons by ons bestemming. Ons het dit baie geniet, daar tussen ons eie mense.

Die fees was volmaak toe 'n paar onderwysers opdaag – Menere Steyn en Van Jaarsveld – asook Dominee de Wet. Ons het hulle baie nodig gehad, so hulle was welkom.

Na 1917 het al meer Afrkaanse boere ingetrek. Orals sien 'n

mens kaal kolle in die bosse waar hulle bou en lande ploeg. Mielies groei wonderlik en 'n mens kan jou oë nie glo as jy sien hoe hoog 'n mielieplant groei nie, tot sestien voet hoog en met groot koppe. Die grond is geil en daar word sonder kunsmis geplant en gesaai, en al wat hinder is die troppe wild wat skade doen aan die gezaides. Ons wen egter genoeg vir gebruik en ook vir kos vir die plaas se werkmense.

'n Staaltjie wat ek moet vertel is van 'n leeu en 'n tier en wat byna 'n groot ongeluk kon gewees het. Die aand vantevore was daar 'n leeu wat aangehou brul het naby ons huis en die beeskraal. Die volgendeoggend vroeg besluit my pa en my broer Abel, wat 15 jaar oud was, om die leeu wat te gaan soek en dood te skiet. So is hulle daar weg met gewere en honde. Hulle het



Vroeë inwoners van die Uasin Gishu plato (datum onbekend). Omdat daar destyds feitlik geen bome op die plato was nie, is baie van die eerste huisies van klip gebou.

die leeu se spoor gevolg todat hulle by 'n spruitjie kom. Die spruitjie was dig begroei met bosse, en so maak my pa die voorstel dat Abel met geweer en hond links om die bos gaan en hyself reg om, en die een wat die leeu raakloop, moet skiet. So gesê so gedaan. Abel kom toe by 'n gat water en kyk rond of hy die leeu gewaar. Hy hoor 'n geritsel in die boom langs hom en toe hy opkyk, sien hy 'n tier wat reg maak om te spring. Hy skiet die tier net toe hy spring met die gevolg dat die tier bo-op hom spring. Die tier slaan sy skerp naels agter Abel se blad in en byt hom aan die linkerarm en saam val hulle in die water. Gelukkig het die tier 'n doodskoot gekry, maar toe my pa daar opdaag is Abel en die tier nog in die water. My pa sleep hulle toe uit, die tier is dood maar Abel is lelik gewond en bloei baie. Al raad wat my pa onthou, is om hare van die tier uit te pluk en in Abel se wond in te druk. Hulle het uitgeput by die huis opgedaag, waar Ouma vir Abel goed versorg het met boere rate uit die medisyne trommel. In agt dae se tyd was Abel weer uit die bed uit maar hy en pa het nooit weer leeus gaan soek nie.

Heelparty van ons mense in Oos-Afrika is oorlede aan malaria. Ons slaap maar onder muskietnette en dit help baie. Meestal in die nag, as die ligte uit is, val die

muskiete aan. Kinapille maak jou doof as jy te veel daarvan drink maar dit help darem vir malaria. Swartwaterkoors is volop en dokters is skaars – ons naaste dokter is veertig myl ver en hy kom nie uit plaas toe nie. Jy moet maar die ossewa inspan, jou pasiënt oplaai en die pad aanpak dokter toe. Dan gee die dokter hom 'n inspuiting en kinapille en sê hy moet maak dat hy by die huis kom en agt dae in die bed bly. Eendag het alles vir my as jongmeisie verander. Dit was toe 'n jongman te perd daar opdaag. Hy was van Eldoret in die Uasin Gishu en was besig om 'n stuk land vir 'n Engelse boer om te ploeg. Hy het hom daar in die bosse begin verbeel, en toe dink hy: "Wag, laat ek gaan ry en miskien kom ek by ander Afrikaanse boere uit." My pa maak die deur oop toe hy die klop hoor en daar staan 'n vreemde man. Hy stel hom voor as Smit en toe een pa hom en sê: "Is jy nie Jan Smit nie?" Hy sê toe: "Ja, en is oom nie Carl Erasmus nie?" Hulle was 18 jaar terug saam in die konsentrasiekamp in die hospitaal en het langs mekaar gelê. My pa stel my toe voor as sy dogter en daar onthou Jan ook nog dat my pa twee dogtertjies gehad het in die kamp op Standerton in die Transvaal. Maar die beste van die storie kom nog. Daar ken Jan my nou by die naam en toe vertel hy sy storie. Hy sê in die kamp was hy 14 jaar oud en ons tente het langs mekaar gestaan. Sy werk was om vir sy

ma kole met 'n kruiwa te gaan haal om vuur te maak. As hy vir sy ma klaar kole gaan haal het, bring hy vir my ma ook 'n vrag en dan bedank sy hom en sê hy is 'n flukse seun en wat kos dit? Nee, Tannie dit kos niks, maar gee net eendag vir my een van jou mooi dogters as vrou as hulle groot is. Goed Jan, sê my ma, jy kan maar een kry. Alles was grappies en die jare het verby gegaan. Oom Izak en tant Nettie Smit het ook in 1908 BOA toe getrek in en nabij Eldoret gaan woon. Ek en Jan was gou goeie vriende en hy het gereeld met die perd daar opgedaag. So was die lewe vir my heel anders, nou dat ek 'n vriend het en voor ons weet waar ons is, is ons verloof en maak ons plan om vroeg in 1918 te trou. En so is ons toe op die 15de Januarie 1918 getroud.

1918 - 1920 Huwelik

Na my troue verhuis ek toe na 'n plaas nabij Eldoret op die Uasin Gishu en my pa, ouma en die drie kinders het nou maar alleen agtergebly. Plase was baie goedkoop daardie jare en die goevernement wou net £60 hê en jaarliks 'n klein bedraggie as huurgeld. As jy die plaas verkoop, betaal die volgende eienaar maar verder. Ons kry 'n groot plaas van 3750 akker en besluit dat ons daar nog ryk boere gaan word. Die plaas het geil grond en niks sou hinder dat ons 'n sukses maak nie, dus is ons 'n

baie gelukkige paartjie by mekaar. Maar ses maande na ons huwelik is Jan oorlede, wat 'n groot verlies vir my as jong bruidjie was. Ons dogtertjie is 4 maande later gebore, 'n ware ligstraal vir my as bedroefde moeder. Tog heel die tyd alle wonde en die kêrels begin lastig raak. Op 'n dag daag Piet Steyn van Broederstroom op waar ek by my skoonouers inwoon. Ook nie lank nie of hy vra my om verloof te raak en met die toestemming van my ouers is ek toe twee jaar na Jan se dood weer getroud. Piet was 'n liewe en hardwerkende man en ons het toe weer op die plaas gaan bly en met die boerdery begin. Toe het alles weer goed gegaan.

Ons brei ons saailande uit, maar die wild verniel die gesaaides. Die goewerment gee

toe toestemming dat die zebras geskiet kan word en van die vleis biltong gemaak kan word om aan die spoorwegwerkers te verkoop. Hulle was besig om 'n spoorweg van omtrent 200 myl van Nakuru na Eldoret te bou. Ook nie lank nie of die boere verklaar oorlog op die zebras en roei hulle omtrent. Die ander grootwild het na rustiger orde gevlug waar die boer nog nie met sy ploeg en spanne osse was nie. (Daardie jare was daar nog nie trekkers en stropers nie.)

Siektes

Die griep van 1918 tot 1920 het heelparty van ons Afrikaanse mense afgemaai. Malaria het ook maar elke jaar sy slagoffers eis. Net kinapille word voorgeskryf, die dokters is skaars en hospitale nog iets van die toekoms. Op Eldoret is net 'n klein hospitaaltjie vir die plaaslike bevolking waar die blankes

die nodige inspuitings en inenting teen pokke kan ontvang. Verder, as iemand op die plaas siek word, bly die pasient tuis in die bed en die huismense verpleeg hom na die beste van hulle vermoë. Die naaste bure kom ook help. Die Boeretannies moet die medisynetrommel te voorskyn haal, die dokters boek en boererate probeer tot die pasiënt weer op die been is. Ons het darem al 'n dokter op Eldoret en ook 'n baie knap Indiese dokter wat verstaan om malaria en swartwaterkoors te behandel. Sy naam was dr Chand en dit het hom min geskeel of riviere vol was of die paaie onrybaar, as jy hom met 'n kar gaan haal, was hy gewillig om te kom. Dit was dus 'n groot uitkoms dat ons twee dokters in die dorpie het. Daar is ook beplan om 'n blanke hospitaal te bou, wat nog 'n uitkoms sou wees.

Gemeentes

Wat die kerksake betref, het dit nog nie so goed gegaan nie. Daar was drie gemeentes, die NG Kerk, die Hervormde Kerk, en die Gereformeerde Kerk.

In die NG Kerk is ds H C de Wet tydelik aangestel tot Ds Loubser weer sou terug kom uit die Suide. Dit is maar 'n uitgestrekte gemeente want dit bevat Kenia, Tanganyika en die Belgiese Kongo. Oral woon groepies Afrikaanse Boere. Op 'n kaart gemeet, is dit duisende myle wat die

Tant Sophie, Barendina, Schalk Steyn (Dan Steyn se pa), Jannie en oom Piet Steyn (circa 1930)





Ds Loubser op sy donkie, Velbroek, êrens in Tanganyika (datum onbekend)

predikant moes aflê om al die mense op te soek, en dit met 'n donkiekar of 'n oskar. Soms moes die predikant te voet gaan, of met safari op 'n drastoel vervoer word.

Op Eldoret het ons nog net 'n kerkgebou van bamboes gehad, op oom Koos Prinsloo se plaas. Van heinde en verre het die lidmate gekom, meeste met ossewaens, om drie keer per jaar Nagmaal te vier. Verder het ons maar Sondae by die huis geluister as Pa uit die Bybel lees en 'n gebed doen. Op Broederstroom was 'n plaasskooltjie waar ook gereeld Sondae diens gehou is. Oom Bokkie van Maltitz was gereeld daar as die dominee nie te vind nie of weg was op huisbesoek.

Eldoret se gemeente het onder die naam 'Vergenoeg' 'gegaan. Ds Loubser het die gemeente so gedoop en

gesê: "Kyk julle is nou ver genoeg noorde toe, julle kan nie meer verder nie".

Die drie susterkerke het hartlik saamgewerk. As die NG predikant weg is op huisbesoek, is die Gereformeerde predikant of die Hervormde predikant gewillig om 'n nagmaal vir ons te kom waarneem. Dieselfde geld vir die NG predikant wat die ander gaan help, dit was 'n baie mooi gebaar.

Mev Freda van Heerden was ons orreliste vir baie jare en het ook die kerkkoor en konserte afgerig. Die Keniagemeente is haar baie verskuldig. Wat die sending betref, het ons kerk nog nie 'n sendingstasie gehad nie en sending onder die inheemse bevolking is deur Amerikaanse sendelinge waargeneem. Die NG Kerk het 'n sendingstasie op Broederstroom beplan, maar fondse was skaars en ons kinders moes ook voor gesorg word.

Die skool op Broederstroom

Ds Loubser het uit die Suide

teruggekeer en drie meesters het hom vergesel: Mnre Steyn, Wensel en Wolmarans. Nou is daar lewe op Broederstroom. Die skool is vergroot, 'n koshuis is gebou en huisouers is gesoek. Ook nie lank nie of die skool en koshuis was vol en nou kon die kinders leer. Ds Loubser het boeke en alles wat nodig is saamgebring en ouers was gretig om te help. Ds het ook gesorg dat daar 'n konsistorie gebou word: Dit kry die naam 'Ebenaeser'. Daar was kinders met talent en wat graag wou leer, dus was dit 'n groot uitkoms vir die kinders asook vir die ouers om 'n skool te hê na soveel jare van sukkels. Die kinders wat die skool van die plase af kon bereik, het met oskarre gekom.

Sondae was die skool 'n kerk waar baie van ons grootmense wat toe babas gehad het hulle kon laat doop. Die volgende skool is gebou op oom Piet Jordaan se plaas in die Sergioitdistrik. Mej Freda

Gemeentelede voor die 'bamboeskerk' (circa 1910)



Leerlinge op pad na die Broederstroom skooltjie (circa 1910 -1915)



Keese, later Mev Freda van Heerden, was daar onderwyseres en het baie deeglike werk verrig. Sy het knap leerlinge opgelei in sang en musiek. Ons sal Auntie Freda altyd onthou as 'n ywerige en godsdienstige werkster.

Skool op Patattadraai

Die skool op Pattatadraai was maar 'n klein skooltjie wat deur Mnr Ben Mouton gestig is. Stadigaan het hulle ook meer geword en later het mnr Frikkie Olivier die skool oorgeneem toe Oom Ben sieklik en bedlêend geword het. Toe dié skool doodgeloop het, het die kinders by Eldoret se skool aangesluit. Eldoret se skool het goed uitgebrei maar die kinders het net in Engels onderrig gekry. Daar was ook 'n koshuis vir die kinders wat van ver af gekom het. Die skole was almal baie welkom in 'n land wat aan die ontwikkel is. Die ouers moes losiesgeld betaal, maar daar was nie geld in die bank nie,

en ook nie veel van 'n inkomste uit die boerderye nie. Die boerdery was nog primitief en alles het sukkelsukkel gegaan.

Transport

Al genade daardie tyd was die transport van Eldoret na Londiani, vier-en-sestig myl daarvandaan. 'n Boer moes 'n wa en span osse aanskaf en met ou Juma Hadjie vriende maak, dan laai hy die wa op Eldoret met wat hy het om weg te stuur Londiani toe waar die naaste spoorwegstasie was. As die weer droog is, neem dit ses dae Londiani toe, dan laai jy weer 'n vrag daar en kom terug na Eldoret. Transport het goed betaal en jy kon dan jou kind se losies en benodighede weer 'n slag vereffen. Maar die meeste van die tyd het dit gereën en dan moes jy maar deur modder en water sukkels. Ons nuwe spoorweg van Nakuru na Eldoret het vlot gevorder en ons hoop toe dat dit nie meer te lank sal wees voor ons 'n spoorweg sou hê nie. Die boere moes wikkels met hulle landerye want die transport sou dan op 'n

einde kom.

1921

1921, en Eldoret begin uitbrei en na 'n dorp te lyk met 'n paar winkels, poskantoor en, magistraatskantoor, Standard Bank, Ou mnr Eddie se bar en hotel, mnr Shaw die prokureur se kantoor, en nog 'n paar besigheidsplekke in die hoofstraat. In die hoofstraat mag nie Indiërs of swart besighede opgerig word nie, dis net vir blankes. Woonhuise het ook begin verrys en mrs Dreyer het 'n nursing home geopen wat baie welkom was. Dit was nie net 'n kraaminrigting nie maar siek mense met allerdele kwale en gebreke het ook na haar toe gekom. Sy was 'n bekwame vrou sonder veel opleiding en het niemand weggestuur wat by haar kom aanklop het nie. Dr Chand was die dokter wat maar dag en nag op diens moes wees, en intussen het dr Forbes ook opgedaag om te help omdat malaria en swartwaterkoers aan die orde van die dag was. Mrs Dreyer en die dokters het

hulle hande vol gehad en ons is hulle baie dank verskuldig vir wat hulle alles vir Eldoret asook vir die plaasboere gedoen het. Ek sal nooit die mixture wat dr Chand voorgeskryf het vergeet nie. McGeorge was die apteker, en as hy die mixture aangemaak het ('n asynbottel vol was genoeg vir drie weke) dan weet ons dis nou galbitter medisyne – een eetlepel vol in 'n halwe glas water drie keer per dag het jou goed doof gemaak. Solank jy dit drink, het jy sommer ook blind en dronk in die kop gevword en al genade was om te gaan lê. Maar dit maak nie saak nie, net solank die medisyne die muskietkieme doodmaak ,anders is jy naderhand met kiem en al dood. So het ons maar aangesukkel tot daar naderhand 'n hospital vir blankes was en genoeg dokters. Ons het 'n paar Suid -Afrikaanse dokters bygekry wat baie goeie werk gedoen het: Dr Le Roux wat daar oorlede is en Dr Swanepoel en Dr Fouche wat in Eldoret arriveer het toe daar huis 'n epidemie van die gevreesde swartwaterkoors was. Hulle was knap en het die meeste van die siekes deurgehaal. Ons kerk is op 16 Desember 1921 op Eldoret ingewy, dit was 'n groot dag vol vreugde. Die hele NG Gemeente het eers die oggend van die 14de by die ou bamboes kerkie gaan afskeid neem en daarvandaan is ons met os-

sewaens sewe myl verder na Eldoret. Alles het goed verloop en op die 16de is die kerk ingewy. Daar was 'n paar predikante teenwoordig: Ds Loubser, ds De Wet, ds van Zyl en eerwaarde Wentzel.

So kon ons 'n nuwe jaar begin met ons nuwe kerkgebou. Ons is die Heer baie verskuldig daar hy ons gehelp het tot hiertoe. Die kerkbanke, die preekstoel sowel as die tafel en stoele is alles gemaak deur oom Piet Jordaan en sy helpers. Die kerk is ingewy sonder skuld en daarvoor is ons ds Loubser baie dankbaar vir sy goeie organisasiewerk en die insameling van geld in verskeie gemeentes in die Suide.

1922

Die ou Plateau is nou vol boere uit ooste en weste en almal is vol moed om te begin boer. Maar al die skape wat hulle saamgebring het, is in troppe dood want die wêreld is nog te wild en ook die gras groei baie welig. Die vee is ook nie bestand daarteen dat

dit so baie reën en nat bly nie. Al die mooi perde is dood aan 'n vreemde siekte en die ooskuskoors het tussen die beeste uitgebreek sodat duisende afgemaai is. Daar is nog nie raad vir al die siektes nie en die boere moet maar geld verdien met transport. Op die ou einde vind hulle uit dat bosluise die siektes veroorsaak. Hulle begin die vee dip en die siektes neem af en dit begin beter gaan. Die spoorweg is nog in aanbou van Nakuru, 100 myl van Eldoret af. As dit klaar is, sal dit 'n uitkoms wees want goed kan skaars raak in die winkels omdat alles met os-sewaens aangery moes word. Een jammerte is dat as die spoor klaar is en die transport op 'n end kom, dan is die saamry van vrouens en kinders met die ossewa ook op 'n end. Dit was die gewoonte dat as vrou en kinders nie by die huis wil agterbly nie, ry hulle saam as die man op transport gaan. Dis dan 'n lekker vakansie en vir so agt tot tien dae ry hulle

Inwyding van die NG Kerkgebou in Desember 1921.



deur bosse en oor berge om op Londiani inkopies te gaan doen. Dan kom hulle terug met rolle khakimateriaal vir die mans se hemde en broeke. Dis al soort materiaal wat volop is, en daaruit word nie net al die mans klere gemaak nie maar ook rompe vir die vroue en rokke vir die skooldogters. Dis 'n sterk materiaal wat lank hou tot weer Londiani toe kan gaan.

Een staaltjie moet ek vertel van wat in die bosse gebeur het. My man het 'n paar los osse gehad wat hy gekoop het op Londiani. Die osse moes toe so al met die trek aangeja word deur 'n werker, en eendag was dit al laat die aand en donker toe Piet merk dat een van die osse afgedwaal het. Hy stuur toe twee werkers om die os te gaan aankeer. Toe hulle egter by die os kom, skraap hy hulle. Hulle vlug toe wa se kant toe maar die os hou aan met storm – selfs by die wa verby. Die werkers vlug sommer onder die wa in sodat die osse wat voor die wa gespan is ook skrik en die loop die veld in neem. Hulle ruk byna die wa om maar kom gelukkig tot stilstand. Eintlik was die bosse was vol buffels en dit was toe glad nie nie 'n os wat die werkers probeer aanjaag nie. Gelukkig dat ek nie by was nie want ek is maar bra bang vir daardie kwaai goed wat hulle buffels noem.

1923 tot 1930

Nou begin dit met die boerdery beter gaan. Die landerye brei uit, daar is 'n koöperasie gestig en dit is nie meer so moeilik om jou produkte van die hand te sit nie want omtrent al die boere is lede van die koöperasie, die KFA (Kenya Farmers Association), soos ons hom noem. Met

tyd kan mens baie dinge daar by die KFA kry, suiker, koffiepitte, lampolie en baie ander dinge. Dit is waarlik 'n uitkoms. Die grootste werk is om jou koring en mielies daar te lewer. Pryse is goed en die boere kom mooi op die been. Die spoorlyn deur Uganda toe is klaar en die paaie begin verbeter want die distrikstraad

Broederstroom leerlinge wat in Augustus 1923 piekniek hou op die walle van die stroom naby die skool. Van links na regs is Mev Rousseau, die onderwyseres, Maria Davies, Lena Mouton, Francis Steyn (Hermaans se suster) and Hettie (van onbekend).



Alhoewel hierdie foto in die laat 1940s geneem is toe die meeste boere al trekkers gebruik het, was die prentjie van spanne osse in die landerye sekerlik nie veel verskillend van wat mens in vroeëre jare gesien het nie.

sorg vir genoeg mense wat op die paaie werk. Dis aardig om die spanne osse voor die ploeë te sien, soms 'n paar spanne tegelyk in 'n land. Dit begin baie goed gaan, die koring skiet wonderlik goed en daar is nuwe hoop onder die saaiboere.

Ons het goed aangegaan op die plaas. Dit het nie 'n naam gehad nie, net 'n nommer, Farm 195, nes Eldoret, ons dorp wat eers net '64' genoem is omdat 64 myl van Londiani af was.

Op 12 Augustus 1929 is ons dogter Berandina gebore en ons is baie in ons skik want nou is ons huisgesin sommer groter. Jannie, die oudste, is al 11 jaar oud en is op Broederstroom in die skool. Ons het maar gewag om te sien wat van ons kinders gaan word, hier op die uitkoek van die beskawing.

1930

Dit is nou die jaar 1930 en baie het al gebeur tot hiertoe. My vader is oorlede te Kampala hospitaal, en is begrawe waar Idi Amin later die septer sou swaai. My ouma, wat so baie vir ons beteken het, is ook op die ouderdom van 77 jaar oorlede.

1930 is 'n jaar van sprinkane, droogte en depressie. Die boere leef maar swaar omdat daar nie prys vir hulle produkte is nie en trek noustrop om aan die lewe te bly. Die depressie het hou aan tot 1932 toe. In



**Schalk Steyn op die Kakamega goudvelde
(circa 1930 – 35)**

daardie jaar word goud ontdek, wat 'n groot uitkoms bring. Baie boere kry op die Kakamegamyne werk. Die salarisso is nie te sleg nie, en daar kom dus meer geld in die land in.

Die sprinkane word uitgeroei en die reëns begin weer normaal val. Die saaiboere brei hulle landerye mooi uit. Dit was nie vreemd om tot twaalf of veertien spanne osse voor die ploeë te sien nie. Trekkers is nog uit die kwessie en die boere wedywer eintlik teen mekaar gewedywer oor wie die meeste spanne osse in die veld kan sit en die meeste akkers kan ploeg en saai. Dis 'n plesier om alles te aanskou wat die boere kan uitrig. Die oeste is oor die algemeen goed, en daar is 'n groot vooruitgang te bespeur.

Met die tyd het trekkers en stropers ook die land ingekom. Op plase is daar een of twee trekkers wat die boer uitsluitlik gebruik om die lande te bewerk, die ou wêreld ondergaan waarlik 'n gedaanteverwisseling.

Farm 195 PO Eldoret was ons

vaste adres en hier het Piet en ek maar ook so stadig aangegaan met die boerdery, dit was 'n groot plaas met geil aarde. Die koring en mielies het pragtig gegroeи, die oeste was goed, en sodra sy 21 word sal die plaas die eindom word van Jannie, ons dogter uit my eerste huwelik.

1935 tot 1936

Omdat sy gesondheid so sleg was, het Ds Loubser afgetree en teruggetrek suide toe. Toe het daar ander predikante gekom om ons te bedien. Ds Brits was predikant op Thomsonsvalle en het oorgekom Eldoret toe om vir ons nagmaal te bedien, te doop en lidmate voor te stel.

In Oktober 1935 het Ds Dednam gekom as predikant vir Eldoret en by die geleentheid het Jannie lidmaat geword. Ds Dednam is ook in die huwelik bevestig met mej Gerty Stols van Lydenburg, Transvaal. Intussen is ds Loubser oorlede te Belville in die Kaap, 'n groot verlies vir die OA mense.



Ds Dednam



Inhuldiging van die Fees Saal op 16 Desember 1938, selfs die Royal Air Force het bygedra met 'n saluut verbyvlug.

Jannie word nou 'n groot dogter en die kêrels begin pla. Ons sal maar sien hoe lank ons haar in die huis sal hou. Barendina is ook al groot, sy is al ses jaar oud. Jammer dat 'n mens se kinders ook maar eendag weggaan.

1936

Die 29ste September is Jannie getroud met Hennie Kaltwasser, 'n boer van Robertson Kaap. Hy en ds Dednam was saam op skool te Robertson en amper ewe oud. Ds Dednam was 'n ywerige persoon, veelsydig en lief vir die plaas, daarom kon hy Jannie baie help om trekkers, stroopers en ploëe te herstel wat uit orde geraak het. Sy oorpak was gewoonlik agter in die motor se kattebak en as hy op huisbesoek kom, was hy gou uit die manelpak uit en in sy oorpak in om 'n trekker of stroper te herstel – so sal ons dominee altyd onthou.

Die Feessaal

Die Feessaal is gebou deur al

drie susterkerke. Die samewerking was goed en dit het nie lank geneem nie of die mooi saal was klaar vir inwyding op 16 Des 1938. Dit was 'n groot dag vir die Afrikaaners van BOA, alles het goed verloop en ons was baie in ons skik met ons saal wat handig sou inkom met basaars, konserte ens.

Vakansies

In die Nandiberge het ons 'n sodafontein ontdek. Dit was een van die Plateau se aantreklikhede, dus so na die oes of na planttyd span ons hele familie en baie vriende die ossewaens in en daar trek ons sodawater toe. Die pad was naderhand oop en ons het net geweet waar om te ry om veilig deur te kom. Daar het soms tot dertig waens gestaan en dit was nou waarlik 'n heerlike vakansie. Die jong mense het dit geniet om berg te klim en te swem in die sodawater. Die pannekoek wat ons met die sodawater aangemaak

het, was net te lekker. Die sodawater was lekker en gesond, veral as 'n mens suurlemoen en suiker byvoeg dan kook dit sommer oor in die glas. Dit was ook lekker en gesond om daar te gaan uitrus na 'n jaar van harde werk. Gewoonlik het die dominee en sy gesin ook saamgegaan en saans het bosse en berge weergalm soos ons sing. Onluste was daar ook nooit tussen ons en die Nandis nie.

1939 en 1940 Moiben

My man begin nou baie agteruitgaan wat sy gesondheid betref. Hy is 'n suikersiekte-lyer en daarvoor is daar nog geen raad nie. Hy is egter 'n moedige mens en hou maar aan met boer. Ons verhuis na 'n ander plaas en Jannie neem Farm 195 oor. Vir ons mooi stukkie aarde in die Cheranganiberge is ons baie lief – dit het pragtige plantegroeи, wildsbokke,

